

# PAARL-SKOOL
## NUUSBRIEF 1/2024

# PAARL SCHOOL
## NEWSLETTER 1/2024

## Vanuit die Skoolhoof se Kantoor

Die kwartaal het verbygevlieg en as ons terugkyk kan ons met dankbaarheid sê dat ons geseënd is. Aan die begin van die jaar moes ons leerders aanpas in nuwe klasse, by nuwe onderwysers, sommige van hulle in nuwe fases en selfs in 'n nuwe skool. Hul rapporte bewys egter dat dit goed gegaan het met hulle.

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om die ouers van Paarl-skool hartlik te bedank vir hul voortgesette ondersteuning, betrokkenheid, toewyding en positiewe houding teenoor die skool. Dit was 'n ware plesier om so baie van u by ons verskeie atletiekbyeenkomste, die swemgala en ander aktiwiteite te sien.

Die suksesvolle Damesoggend wat Paarl-skool Ontwikkelingstigting aangebied het, was beslis ook een van die hoogtepunte van hierdie kwartaal. Nie alleen het die dames lekker saam gekuier nie, maar is 'n netwerk van nuwe vriende vir Paarl-skool geskep.

Ons moedig u aan om Paarl-skool en Paarl-skool Ontwikkelingstigting se sosiale media dop te hou vir moontlike aktiwiteite en fondsinsamelingsprojekte wat u gedurende die nuwe kwartaal kan ondersteun.

Ons is uiters opgewonde oor die nuwe Beheerliggaam wat verkies is vir die termyn 2024-2027. Ek kan u verseker dat elke lid van hierdie Beheerliggaam baie bekwaam is, 'n skat van kennis en vaardighede besit wat tot voordeel van Paarl-skool sal strek en u met uitnemendheid sal verteenwoordig. Baie geluk aan die volgende persone wat vir die tydperk 2024-2027 op die Paarl-skool Beheerliggaam gaan dien:

Garth Hewitt *(Ouer - Voorsitter)*
Nico van der Colff *(Ouer - Onder-voorsitter)*
Mariska de Jager *(Ouer - Tesourier)*
Eileen du Toit *(Nie-KS opvoeder - Sekretaresse)*
Annaline Norman *(Skoolhoof - ex-officio)*
Hanlie Bestbier *(Adjunkhoof - gekoöpteer)*
Hein van der Merwe *(Adjunkhoof – gekoöpteer)*
Hester Fauré *(KS-opvoeder)*
Alet Marais *(KS-opvoeder)*
Wendy Mitchell *(Ouer)*
Jaco Joubert *(Ouer)*
CJ Scholtz *(Ouer)*
Tanya Prentzler *(Ouer)*
Elsa Vollgraaff *(Verteenwoordiger: organisasie vir gestremde persone)*
Hendrik van Eeden *(Verteenwoordiger: gestremde persone)*
Esmé Tucker *(Deskundige: spesiale onderwys)*

Die afgelope kwartaal is 'n verskeidenheid aksies van stapel gestuur om die gemeenskap bewus te maak van Paarl-skool se besonderse leerders en die waardevolle werk wat hier verrig word. Dit is van uiterste belang vir ons om verkeerde persepsies oor ons pragtige skool en kinders uit die weg te ruim.

In die lig hiervan, en met Menseregtedag wat naderkom, is die aanhaling van Eerwaarde Desmond Tutu baie toepaslik.

> "Your ordinary acts of love and hope point to the extraordinary promise that every human life is of inestimable value."

Ten slotte: baie dankie aan elke onderwyser en ouer wat saam so hard gewerk het om hierdie kwartaal 'n sukses te maak. Mag u en u gesin hierdie paar dae van vakansie saam geniet en mag Paasfees vir u 'n besonder geseënde tyd wees.

Seënwense

Annaline Norman

Ons groet Ebrahim Fraser. Hy was die afgelope 10 jaar 'n fisioterapeut by Paarl-skool. Ons wens hom alles van die beste toe! Mag hy 'n wonderlike lewensreis hê - een gevul met sukses en geluk.



# Prefekte 2024

## Leierskapkamp

Die prefekte was die naweek van 19 - 21 Januarie 2024 op 'n leierskapkamp in Langebaan. Dit was 'n naweek gevul met pret, lag en baie leierskapaktiwiteite. Ons sien uit om te sien hoe hierdie groep leiers in 2024 gaan groei.







Corbin Mitchley



Dale Lakay


## Hoofleiers

EERSTE KWARTAAL

**TROTS** *op julle!*







## Prefekte reik uit

Paarl-skool het 'n Leierskapontwikkeling Uitreik aan hoofstroomskole gebied. Die prefekte van Laerskool Bastion en De Tyger het die dag saam met ons prefekte deurgebring. Ons prefekte het as ware ambassadeurs vir Paarl-skool opgetree en dit geniet om vir die ander leerders te wys hoe ons dinge by Paarl-skool doen. Hou aan met julle goeie werk. Paarl-skool is trots op julle!

Al die leerders het op Valentynsdag produkte geskenk vir minderbevoorregte leerders.

## Valentynsdagprojek

Die prefekte se Valentynsdagprojek was 'n reuse sukses. Met hierdie inisiatief kon ons 60 kospakkies aan Scottsville Primêr skenk. Dankie vir elkeen se bydrae en ondersteuning om 'n verskil in ander se lewens te maak.





# Kultuur

## Koor

Paarl-skool se koor het die jaar met 'n koornaweek afgeskop. Baie nuwe stemme het vanjaar bygekom en dit was 'n naweek van hard oefen, baie pret en ‘n geleentheid om mekaar te leer ken. Ons sien uit na baie gelukkige note hierdie jaar! Dankie aan Ronel van Dijk en Anthea Norman vir die tyd en moeite wat julle in die koor sit.







# Waarde

## van die kwartaal

# RESPEK




Paarl-skool is 'n waarde-gedrewe skool en ons fokus elke kwartaal op een van ons vier kernwaardes om dit by ons leerders tuis te bring.

Leerders word aangemoedig om hierdie waardes op 'n daaglikse basis uit te leef. Rio die leeu is ons kenteken.

# Biddag vir Vroue

Vrydag 1 Maart 2024 het ons Wêreldbiddag vir vroue by Paarl-skool gehou. Sonja Goldberg het met die dames en dogters kom praat. Haar boodskap was gebaseer op Efesiërs 4:1.

> “Verdra mekaar in liefde.”





# Sport Hoogtepunte

## Kleuresport

Op 25 en 26 Januarie het die Rooi- en Blouspan met ywer teen mekaar meegeding. Die pawiljoene was getooi in blou en rooi. Die opgewondenheid was groot en die leerders en opvoeders was gereed om hulle onderskeie spanne en mekaar aan te moedig. Dit is elke jaar wonderlik om te sien hoe almal deelneem en hulle spanmaats ondersteun. Dankie aan die ouers, grootouers en vriende wat ons atlete kom ondersteun het. Baie dankie aan die Paarl-skool personeel vir hulle harde werk en toewyding. Baie geluk aan die Rooispan vir 'n welverdiende oorwinning. Welgedaan!



| BEKERWENNERS - KLEURESPORT | |
|---|---|
| LSOB ATLETE | |
| Mini atleet van die dag: Meisies O/8 - O/10 | Amy Gray |
| Mini atleet van die dag: Seuns O/8 - O/10 | Jared Mitchell |
| Junior Victrix Ludorum: O/11 - O/12 | Lee-Shay Meyer |
| Junior Victor Ludorum: O/11 - O/12 | Pieter Venter |
| O/13 Seun | Luan Muller |
| O/14 Seun | Seth Brown |
| O/15 Seun | Jayde Hoff |
| Senior Seun O/16 - O/18 | Lincoln Nimmerhout |
| Beste Langafstand Seun | Lincoln Nimmerhout |
| Beste Langafstand Dogter | Tatiana Kock |
| Beste Senior Veldatleet Seun | Duncan Jordaan |
| Beste Senior Veldatleet Dogter | Tatum Steiner |
| Senior Victrix Ludorum | Tatiana Kock & Tatum Steiner |
| Senior Victor Ludorum | Seth Brown |
| PARASPORT | |
| Seuns O/8 - O/12 | Devon Davids |
| Dogters O/8 - O/12 | Blessing Nyamayaro |
| Seuns O/13 - O/15 | Zack Patience |
| Dogters O/13 - O/15 | Kendahl Benting |
| Seuns O/16 - O/18 | Moses Mohapi |
| Dogters O/16 - O/18 | Sandra Mjika |
| Slalom Elektries | Danika van Nieuwenhuizen |
| Slalom Handrolstoel | Kendahl Benting |
| Victrix Ludorum | Shakeena Onverwacht |
| Victor Ludorum | Moses Mohapi |
| WENSPAN | Rooi |

## Mini-Atletiekbyeenkoms

Groot pret by ons jaarlikse mini-atletiekbyeenkoms! Dankie aan Jan Kriel, Vista Nova, Tafelberg, Nota Bene en Hebron wat hier by ons kom deelneem het. Supertrots op ons atlete!



## Inter-5 Atletiekbyeenkoms

Deelnemende skole: Dominican Skool vir Dowes, Jan Kriel, Paarl-skool, Tafelberg en Vista Nova. Paarl-skool het in die tweede plek geëindig. Ons is supertrots op ons atlete!
Geluk aan die volgende atlete:
Seth Brown beste S o/14
Gabby Bekker beste D o/14
Caroline Peckham beste D o/15
Dankie aan die personeel wat as beamptes opgetree het.
Trots om deel van Paarl-skool te wees.





# LSOB Atletiek Kampioenskappe

Die Paarl-skool atlete het goed gevaar by die Westelike Provinsie LSOB atletiekproewe.
Baie geluk aan die volgende atlete met hul uitslae:

- **Tatum Steiner**: hoogspring - GOUD
- **Jayde Hoff**: diskus - SILWER
- **Kiara Swartz**: hoogspring - SILWER
- **Luan Muller**: gewigstoot en verspring - BRONS
- **Megan de Jager**: 200m en verspring - GOUD
- **Lee-Shay Meyer**: 100m en hoogspring - GOUD
  200m - SILWER











Die Wes-Kaap Hoërskool en LSOB-kampioenskappe het op 15 en 16 Maart 2024 in die Paarl plaasgevind. Baie geluk aan die volgende medaljewenners:

- **Megan de Jager**: 200m - BRONS
- **Kiara Swartz**: hoogspring - BRONS
- **Lee-Shay Meyer**: 100m en 200m - SILWER, hoogspring - GOUD
- **Tatum Steiner**: hoogspring - GOUD
- **Jade Hoff**: diskus - GOUD

Lee-Shay, Tatum en Jade is ook gekies vir die Wes-Kaapspan wat vanaf 3 - 6 April 2024 in die Paarl gaan deelneem aan die Suid-Afrikaanse Hoërskool en LSOB-kampioenskappe. Me. Ronel van Dijk (Wes-Kaapse Skole-atletiekbestuur) en mnr. Tiaan Koch (bestuurder S o/15) sal die span vergesel.

# Swem

Op Vrydag, 23 Februarie 2024, het Paarl-skool se jaarlikse swemgala plaasgevind. Ons spog met 40 swemmers wat aan individuele items kon deelneem en elkeen het dit baie geniet. Leerders wat by Paarl-skool aan swem as sport deelneem, is reeds waterveilig wanneer hulle geïdentifiseer word om aan ons swemgala deel te neem. Die swemmers het volgens deelname in ouderdomsgroepe en plekplasings punte bymekaargemaak. Die seun en dogter wat weggestap het met die Victor en Victrix Ludorum is: Divan Kotze en Tatiana Kock. Vele ander sertifikate is uitgedeel aan swemmers wat individueel geïdentifiseer was. Ons is voorwaar trots op ons swemmers, 'n pragtige swembad wat deur Me. Reinet Barnard instandgehou word en ons nuwe Paarl-skool vlaggies wat Mev. Leonie de Necker vir ons gemaak het. Dankie aan ons ouers wat ons ondersteun.















Vrydag, 1 Maart 2024 het negentien van Paarl-skool se swemmers aan die Inter-5 swemgala by Tafelberg Skool deelgeneem. Paarl-skool het derde geëindig. Ons is dankbaar vir susterskole wat sport saam met ons leerders ekstra lekker maak. Baie geluk aan al ons swemmers. Dankie vir ouers wat ons ondersteun het en ook vir die personeel wat opgetree het as beamptes.






# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase



Die Voorskoolse Fase het die jaar afgeskop met 'n lekker waterspeldag en 'n heerlike roomys om die hitte te trotseer. Die leerders het dit baie geniet en het lekker in die water baljaar!



Vir Wêreld-hardoplees-dag het ons 'n poppekas aangebied. Die leerders het die vertoning so baie geniet dat hulle gelê het soos hulle lag.

Juffrou Chané van de Venter trou in die vakansie met Louven van Eyssen. Ons glo en vertrou dat dit 'n baie mooi dag vir hulle gaan wees en ons wens hulle net die beste toe vir die toekoms.








Graag wil ons vir ons ouers baie dankie sê vir hul ondersteuning die afgelope kwartaal. Ons sien uit na die res van die jaar.

# Grondslagfase

Die Grondslagfase het hierdie kwartaal se pretgala vreeslik geniet. Ouers het kom kyk en hul kinders lekker aangemoedig. Die juffrouens en klasassistente het saam met die leerders geswem en daar was items met "boogie" planke, swembadnoedels en hoepels. Hoewel die weer nie heeltemal wou saamspeel nie, het die leerders hope pret gehad.





Ons verwelkom ook vier nuwe assistente hierdie kwartaal: Claresha Samson (Gr. 3A), Danell Galeshewe (Gr. 2A) en Tatyana van der Heever (Gr. 2E). Runique Felix los af terwyl Jacky (Gr. 3E) op kraamverlof is.





Ons het ook Wêreld-hardoplees-dag gevier deur krone te maak. Ons het dit gedra terwyl leerders van die Senior Fase vir ons kom lees het. Dit was baie spesiaal.

# Intermediêre Fase

In die Intermediêre Fase was dit die afgelope kwartaal 'n warrelwind van pret en leer! Ons het aan die begin van die jaar die graad 4-leerders in die Intermediêre Fase verwelkom. Reg van meet af het ons dit duidelik gemaak: skool is 'n magiese plek. Ons het 'n tuimelrit van aktiwiteite beleef – van polslag-atletiekbyeenkomste tot skitterblink swemgalas. Die energievlakke was hoog, maar die opwinding selfs hoër. Die graad 5- en 6-leerders het ons beïndruk deur nuwe uitdagings soos kampioene aan te durf en te hanteer. Ons het die toetsreeks voorbereid aangepak en sukses ervaar. Deur al die op- en afdraendes, kinkels en draaie, bly een ding konstant: daar is altyd rede om te glimlag ! Ons opgeruimde lewensuitkyk maak dat ons dit het wat nodig is om suksesvol te wees. Hier in die Intermediêre Fase was dit 'n vinnige, maar fantastiese eerste kwartaal! Ons sien uit na wat die res van 2024 inhou. Bly entoesiasties en hou aan om ontdekkers van kennis te wees!







# Senior Fase



Die Senior Fase se aktiwiteite het weereens hierdie jaar met 'n goeie dosis entoesiasme en afwagting begin. Veral die gr. 7's het grootoog en versigtig vir elkeen van hulle 'n 'nessie geskrop' tussen die ander seniors! Ons nuwelinge het goed ingeskakel en is reeds deel van die nuwe jaar se skolastiese en buite-kurrikulêre aktiwiteite. Ons verwelkom ook vir mnr. Gerrit Scheepers in die Senior Fase en wens hom baie gelukkige onderwysjare toe by Paarl-skool. Baie geluk aan mev. Anel Zeelie en haar man met die geboorte van hulle dogtertjie, Anika.







Op Wêreld-hardoplees-dag het van ons gr. 8- en 9-leerders die tyd geneem om vir die leerders in die Grondslagfase voor te lees. Hulle beloning was die opgewonde gesiggies van die kleintjies wat elke woord en prentjie in die kleurvolle boeke van die Paarl-skool se biblioteek geniet!
Alle seniorfase-leerders en -opvoeders sien uit na die rustydjie wat wink aan die einde van 'n besige, maar uiters vervullende, eerste kwartaal!

# Funksionele Fase

Die eerste kwartaal was kleurvol, besig en vol opwinding. Op Valentynsdag met ons "Rooi en Mooi" klere aan, het ons lekker saam gekuier as 'n fase-familie.



Op Wêreld-hardoplees-dag het ons maskers gedra en was karakters wat weggevoer is na Storieland.




Om Skrikkeljaardag (29 Februarie) te vier, het ons by die skool aangekom met ons skoolklere onderstebo aan. Beide leerders en onderwysers het heerlik gelag.



# Werksvoorbereiding

In die Werksvoorbereidingsfase was ons leerders die afgelope kwartaal aan die brand! Van hul eie koffiewinkel bestuur as 'n span, vaardigheidstake beoefen tot 'n rustige spel skaak. Op Wêreld-hardoplees-dag het ons die biblioteek besoek en lekker gelees. Een van ons onderwysers het letterlik ekstra hoogtes bereik en op 'n tafel gestaan en lees! Soos ons onderwysers, kom ons leerders elke dag skool toe met 'n hart vol hoop en liefde. Ons strewe elke dag om die lewe voluit te lewe en net die beste te maak van elke oomblik.







# PSOS

## Paarl-skool Ontwikkelingstigting

Het u geweet dat Paarl-skool 'n nie-winsgewende organisasie het wat uitsluitlik vir die skool ondersteun? Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is 'n geregistreerde organisasie met die doel om fondse vir die skool in te samel, asook bewustheid te skep vir die wonderlike dienste wat Paarl-skool aan gestremde leerders bied. Ons nooi u uit om betrokke te raak hierby.

**MEMO**

### Korporatiewe donasies

Die PSOS is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.

### Kontakbesonderhede

**Martie Wilmot:**
**ontwikkeling@paarlskool.org.za**
**Elizbè van der Colff:**
**psos@paarlskool.org.za**
021 981 3756
071 972 2967

Paarl Skool School
Ontwikkelingstigting
Development Foundation

### Wynveiling

Skuif solank u kalender nader en omkring 22 Mei 2024 vir ons jaarlikse wynveiling by Eensgezind. Tafels is teen R4 000 beskikbaar (10 persone) en sluit 'n driegangmaaltyd en wyn op die tafel in. Ons moedig maatskappye en individue aan om hierdie projek te ondersteun. Kontak vir Martie Wilmot by ontwikkeling@paarlskool.org.za vir meer inligting.

# Damesoggend

Die PSOS het op 24 Februarie ‘n damesoggend by Paarl-skool aangebied, met die tema: Blom in jou seisoen. Dit was ‘n inspirerende en goedvoel oggend en dit was heerlik om na die sprekers, Lente Cloete, Zaida Harneker en Suzette Beukes (SA Homeloans) te luister. Gaste het gesmul aan die heerlike eetgoed wat geskenk is. Elke gas is ook bederf met ‘n lieflike geskenkpakkie.  Baie dankie aan al ons donateurs wat die dag moontlik gemaak het. Gaan kyk gerus op ons Facebookblad (https://www.facebook.com/Paarlschool/) vir meer foto’s en videos oor die dag, asook inligting oor ons donateurs. Volgende jaar maak ons weer so!









## Sosiale media

Volg ons op **Facebook** en **Instagram** vir interessante Paarl-skool stories, nuusbrokkies asook waardevolle en nuttige inligting.

Klik om te volg

## Lojaliteitsprojekte

Klik om te registreer

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met u **SchoolDays** (Dis-Chem) en **MySchool** (Woolworths) kaarte. Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die “swipes”! Baie dankie, Schooldays en MySchool vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.







## Klub100

Met hierdie projek kan goedhartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skool leerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor vir meer inligting.

## Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien ‘n lekker geldjie hiermee!



## Webwerf

Besoek die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se webwerf!

**https://www.paarlschooldf.com/**

Klik vir webwerf

## Pick-a-Pearl



Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.